# Lesing 12.04.2018 - DEEL 16 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

Die Groot Johannes Evangelie BOEK 7 Hoofstuk 223

[10] (JaHshua sowat 20jr oud) Hoe meer liefde tot Elohim en sy naaste `n mens in homself waaragtig sal begin te voel en hoe barmhartiger hy in sy gemoed word, des te groter en sterker het Elohim se Gees dan ook in sy siel geword. Want die liefde tot Elohim en van daaruit tot die naaste is nou juis Elohim se Gees in die siel van die mens. Namate die liefde toeneem en groei, groei Elohim se Gees ook in haar. En as die hele mens uiteindelik tot suiwer en weldadige liefde geword het, dan het ook die volledige eenwording van die siel met Elohim se Gees in haar plaasgevind; dan het die mens vir ewig die allerhoogste lewensdoel bereik wat Elohim vir hom gestel het.

[11] Elohim Self is immers in Hom die allerhoogste en suiwerste Liefde en dus is die gees wat deur Elohim aan elke mens gegee is, dit ook.

[12] Word die siel deur haar vrye wil heeltemal net soos die liefde van die Gees uit Elohim, dan is dit ook duidelik dat hulle één geword het met die Gees uit Elohim, wat in haar is. En as hulle dit word, dan is hulle ook voleindig. En daar is geen bepaalde tyd daarvoor vasgelê nie, maar dit sal die eie gevoel van die siel moet sê en aangee.

[13] Die ware, suiwer en lewende Liefde is in haarself geheel onbaatsugtig; sy is vol deemoed, aktief, vol geduld en erbarming; sy sal nooit iemand onnodig tot las wees en duld graag alles; sy skep geen behae in die nood van haar naaste nie; maar sy is altyd daarop uit om elkeen te help wat hulp nodig het.

[14] So is die suiwer liefde ook in die hoogste mate kuis en beleef geen vreugde aan die geilheid van die vlees nie, maar des te meer behaag die suiwerheid van hart haar.

[15] Wanneer die siel van die mens ook so sal wees deur die inspanning van haar eie wil, dan is die siel soos haar gees en is dan ook in Elohim voleindig.

[16] En so weet julle nou baie presies wat julle te doen staan om die suiwer geestelike voleinding te bereik. Wie hom geheel en al daarop sal toelê, sal ook die vinnigste voleindig wees.

[17] En wie vlytig en ernstig sy bes doen om hierdie weg te bewandel, sal ook altyd waarlik en verseker deur Elohim gehelp word om die allerhoogste lewensdoel te bereik, daarvan kan julle almal seker wees; want as Elohim julle nou al via My te hulp kom, terwyl julle byna geen vermoede daarvan gehad het dat daar so `n weg bestaan nie, hoeveel te meer sal Hy julle dan nie te hulp kom wanneer julle hierdie weg deur eie werksaamheid sal bewandel nie! - Het julle dit begryp?"

[18] Almal was vol verbasing oor My geleerde woorde en selfs Josef sê: "So wys en waar het ek Hom selfs nog byna nooit hoor praat nie!"

[19] Daarop rig hy hom tot My en sê: "Waarom het Jy ons priesters nog nooit op so `n manier onderrig nie? As daar één van hulle hier aanwesig was, sou hy seker ook anders oor Jou begin dink het!"

[20] Ek sê: "Ek ag My eerder in staat om die visse in die see te bekeer as ons skerpsinniges! Ek raai jou ook aan dat nóg Jakobus nóg jy tuis iets vertel van wat hom hier alles afgespeel het, want dan sou julle groot probleme met die skerpsinniges kry. Want hulle hart is verstokter as die hardste klip en hulle siel is baie onreiner as `n vark in `n stinkende poel, en eerder bou Ek nog `n duisend stalle vir die varke van die Grieke en ander heidene waar dan ook, as dat Ek één woord sou verspil aan ons uiters dom, duister en kwaadwillende rabbi's in Nasaret, Kapernaum en Gorasin! Maar daar sal nog wel `n tyd kom waarin Ek ook daar My mond oral sal oopmaak, - maar nie om hulle te troos nie, maar as `n oordeel oor hulle, wanneer hulle bose maat sal vol wees!"